

16 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39
Fokusgedeelte: Romeine 8:33

Aanklag teen gelowiges

Die gelowiges in Rome was voortdurend aan vervolging, benoudheid, swaard en gevaar blootgestel (Rom. 8:12, 35). Hulle is periodiek voor howe gesleep en aangekla. Was daar enige gronde daarvoor? Wie sou die uitverkorenes kon aankla, vra Paulus? Ons gee aandag aan aanklagte wat uit drie oorde kan kom:

- G
od Drie-enig sou ons kon aankla, maar God doen dit nie. Die teendeel: God spreek die gelowige vry. Ons het nie nodig om onself eers te verdedig nie. Christus pleit vir ons aan die regterhand van God (vs 34). Hy tree vir ons as advokaat op. Die uitverkorenes het van die regverdige God, in Christus, dus niks te vrees nie.
- S
atan sou ons kon aankla – soos vir Job. In Openbaring 12:10 staan geskrywe dat die draak, Satan, die gelowiges “dag vir dag voor ons God aangekla het”. Gebruik God dalk die duiwel as amptelike aanklaer in sy hemelse hof? Let op die *verlede tyd* van die aanhaling uit Openbaring 12. Satan is uit die hemel uit gegooi en só ook alle aanklagte teen uitverkorenes komende van die Bose. Kon hy dan tog die gelowiges uit die Ou-Testamentiese bedeling aankla? Ja en nee. Ja, in die sin dat God dit wel toegelaat het, want die versoening deur die kruis het nog nie plaasgevind nie. Maar ook nee, want sy aanklagte was in wese demonies. In die boek Sagaria word hy bestraf oor sy hatige optredes teen God se knegte (Sag. 3:2).
- D
ie wêreld sou ons kon aankla, soos die gelowiges destyds daaglik moes verduur. Hulle was valslik beskuldig van baie dinge. Hierdie aanklagte laat God wel toe, want dit skep geleenthede om vir Christus te getuig. Die Gees sal dan die woorde in die gelowige se mond lê (Matt. 10:17-20). God omskep die aanklagte dan in geleenthede vir getuienis.

Ons is Jesus se getuies wat dié troosvolle boodskap aan die wêreld kan uitdra: Die uitverkorenes word gewaarborg dat geen aanklag (uit watter oord ook al) effektief teen hulle ingedien kan word nie. Want ons het gelees: “God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?” “God self spreek hulle vry.” “Jesus Christus sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons” (vs 31-34).

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. AS Heystek (Emeritus)